Topdiere by Sussex-veiling

Die Sussex-beestelersgenootskap se nasionale veiling word op 16 Augustus in Bloemfontein aangebied en die aanbod is groter en beter as voorheen.

Mnr. Ian Grobbelaar, 'n afslaer, en Vleissentraal bied die Sussex-beestelersgenootskap se veiling namens die genootskap aan op die Bloemfonteinse skouterrein. Die verrigtinge sal om 11:00 begin.

Die aanbod is van die aanvanklike beplanning van 25 stoetbulle tot 35 bulle vergroot.

Mnr. Gert Fourie van Kyknou Sussex is die veilingskoördineerder en hy sê nog een of twee bykomende bulle kan in aanbod wees. "Minstens 25 vroulike stoetdiere en ook tien kommersiële vroulike diere sal beskikbaar wees," sê hy.

Topdiere van Sussex-stoetteelers van die hele land sal te koop wees. Verskillende streke word verteenwoordig – van die Wes-Kaap tot diep in die Kalahari. Dit bied 'n wye keuse aan kopers met 'n voorkeur vir diere uit spesifieke dele van Suid-Afrika.

Mnr. Nollie Stofberg en sy spogdiere gaan ook daar wees. Hy het vanjaar uitstekend gevaar in die nasionale kampioenskap en die interraskompetisie op die Bloemskou. Diere uit sy Platdrif-stoetkudde is ook in aanbod. Hou jou oë oop vir nog puik Sussex-teeldiere van dié stoettelers op die nasionale veiling:

- Advocate van Callie Cillié (Bloemfontein);
- Almaija van Albert Kotzé (Noorder-Paarl);
- Blema Ba Kan van Junior Keyser (Kroonstad);
- Bonnie Brae van Morné Cloete (Elliot);
- Ducron van Jacques Cronjé (George);
- Eversar van Chris Nel (Petrus Steyn);
- Faurzyl van Theo van Zyl (Ladybrand);
- Grey-Maclean van Linden Hewson (Oos-Londen);
- Kiema van Kiewiet van Jaarsveld (Reddersburg);
- Kyknou van Gert Fourie (Askham);
- Platdrif van Nollie Stofberg (Botha);
- Pothou van George Potgieter (Leeudoringstad);
- Rhys Evans Group van David Evans (Viljoenskroon);
- Santori van De Villiers Lamprecht (Kuruman);
- Sasson van Steyn Vivier (Danhof); en
- Sonador van Annalea van Niekerk (Reitz). **LBW**

NAVRAE: Sussex-beestelersgenootskap, e-pos: **sussex@studbook.co.za**, tel. **051 410 0955**; mnr. Gert Fourie (veilingskoördineerder), sel **082 770 3392**; mnr. Danie Pienaar, sel **082 893 6721**. Vleissentraal, tel. **051 451 1439**; mnr. Wimpie du Plessis, sel **082 771 0811**.